

droomhuis te verkoop en eerder te huur. Kort daarna, in 2011, het Janine weer begin werk. Ná drie jaar van spanning en emosie, het Craig bedank en 'n ruskans geneem vir 'n paar maande. Toe hy weer op die been was en begin werk het, het Janine besluit om haar pensioen te laat uitbetaal en haar eie besigheid te begin. Weereens het hulle dit saam as 'n span bespreek en die besluit geneem.

Volgens hulle het hulle al dié finansiële skommelings en uitdagings oorleef deur van die begin af koppe bymekaar te sit en altyd oor alles te praat, maak nie saak hoe moeilik dit was nie.

Craig voeg by hy het op sy troudag belowe om lief te wees vir Janine "in sickness and in health, for richer and for poorer", en hy hou maar net sy belofte. Van haar kant af, sê Janine weer solank hulle mekaar het en hul kinders gelukkig en versorg is, kan hulle enigiets oorleef.

Tehilla Luttig, 'n geregistreerde terapeut van Hermanus, sê kommunikasie en eerlikheid is baie belangrik wanneer dit kom by finansies in die huwelik. In haar ervarings is die grootste en mees algemene finansiële opofferings in 'n huwelik wanneer iemand in 'n ander dorp of selfs oorsee gaan werk om 'n beter inkomste te verdien. Verder kan paggeld ook 'n groot issue raak wat tot baie ongelukkigheid en wrokke kan lei, veral as dit nie bespreek word nie.

Melody Fortuin (26)* en haar man, Jakes (28)*, woon in George, terwyl Jakes se seun (8) in Springbok woon. Hulle stuur elke maand 'n bedrag as onderhoud, al sien hulle nie die seun gereeld nie. Melody vertel as daar 'n maand is wat hulle nie kan betaal nie, stuur hulle die volgende maand dubbel. Al het hulle 'n goeie verhouding met Jakes se eks, plaas die finansiële spanning soms erge druk op hul verhouding.

"Wat dinge moeiliker maak," erken Melody, "is dat ek twee kinders (6 en 10) by 'n ander man het en hul pa stuur geld soos wat dit hom pas." Dit beteken dat Jakes sy eie seun, asook Melody se twee seuns uit 'n ander verhouding, én hulle twee se seuntjie (2) saam, moet onderhou.

Melody vertel hulle lewe as 'n span. Wanneer Jakes nie geld het nie, sal sy sy seun in Springbok se paggeld betaal en wanneer sy weer kort, spring hy in. Tog is daar sommige maande waar daar meer maand as geld oor is en dit kan soms tot 'n stryery

lei. Melody sê egter sy kan dit nie oor haar hart kry om 'n onskuldige kind te verwyrt daarvoor nie. Hul manier is om mekaar tyd te gee om af te koel en dan weer rustig die situasie te bespreek. Volgens Melody is sy en haar man beste vriende en omdat hulle weet wat dit is om nie te hê nie, waardeer hulle dit wat hulle het soveel meer. "Ons lewens draai om mekaar en nie om geld nie," glimlag sy.

AS DIE OPOFFERING TE GROOT IS

Tehilla verduidelik dit gaan oor wat jy kry, teenoor wat jy opgee. "Maak seker julle het dieselfde waardes en behoeftes wanneer julle die kwessie bespreek en julle 'n lys van voor- en nadele opstel," stel sy voor.

'n Groot huis beteken dalk meer vir jou as vir jou maat. Of dalk dink jy dit beteken meer vir jou maat as wat dit werklik doen.

Tehilla sê daar is geen reg of verkeerd nie, maar dis belangrik om seker te maak jy verstaan hoe jou maat voel.

Sy sê wanneer julle 'n lys van voor- en nadele opstel, heg 'n emosionele waarde (uit 100) aan elke item. Moenie die hoeveelheid voordele en nadele tel nie, maar eerder die emosionele waardes wat aan elke item toegeken word.

Wanneer dit kom by onderhoud aan 'n vorige maat, is daar nie net finansies betrokke nie, maar ook emosionele kwessies wat nie altyd eerlik en opreg bespreek word nie.

Dis soms moeilik om vir jou man te sê jy is nie gelukkig daarmee nie en kan baie spanning in 'n verhouding inbring.

Tehilla stel voor julle bespreek hierdie issue reeds voor jul troudag. En as enig-

iemand ongelukkig voel oor die situasie, moet dit uitgesorteer word anders kan dit lei tot baie onnodige gevegte.

Sy waarsku 'n mens moet nooit finansiële opofferings maak sonder dat albei partye duidelikheid het oor die situasie en saamstem daarvoor nie.

"Praat, praat, praat," meen Tehilla. "Besluit wat is jul doelwitte as 'n gesin en hoe-kom doen julle wat julle doen." Dis baie belangrik dat julle mekaar 100% verstaan, verstaan hoe die ander een voel en dit respekteer.

Miskien moet julle elke maand geld afstaan om familie te help. Dit help nie jy stem in net om 'n bakleiery te vermy of die gesprek verby te kry nie. As dinge warm begin raak, neem 'n blaaskans, kalmeer en probeer weer. Moenie ophou totdat julle 'n compromise bereik het waarmee julle altwee kan lewe nie. Kry 'n terapeut of iemand wat julle vertrou om te help as julle sukkel.

'N HOË PRYS

Tehilla verduidelik dit is omdat mense maklik eerder in stilte sit en tob en stoom as om ongemaklike gesprekke te hê.

Nog 'n probleem is wanneer jy iemand anders se drome najaag. "Ek het al te veel mense gesien wat hul hande stompies werk net om eendag terug te kyk en te besef hulle het die grootste huis en die vinnigste kar gehad, maar dit wat die belangrikste was – hul familie – verloor in die proses."

Sy meen dit is maklik om fokus te verloor en te vergeet wat jou eie behoeftes, drome en idees van sukses is. 📌

* **Skuilnaam**

HIER IS RAAD

Hoe dan gemaak wanneer een van julle 'n groot finansiële opoffering moet maak?

Tehilla se advies is eenvoudig:

- Kommuniqueer! Praat totdat jy heeltemal verstaan wat jou maat dink en voel en hoekom. Maak ook seker jy praat openlik en eerlik, met geduld en begrip. Julle moet mekaar heeltemal verstaan wanneer julle so 'n belangrike besluit moet neem.
- Maak seker julle altwee verstaan hoekom die opoffering gemaak moet word en stem saam daarvoor.
- Wys jou maat gereeld jy is lief vir hom en waardeer hom. Probeer spesifiek wees wanneer julle mekaar bedank, byvoorbeeld "Dankie, my engel dat jy so hart werk sodat ek my drome kan volg" of "Dankie dat jy verstaan dat ek paggeld moet betaal en jy my kinders aanvaar as jou eie".